

PREEKSKETS: JOHANNES 6:16 - 21

Die Bybel is baie duidelik en soms is dit moeilik om te verstaan, MAAR “*God stuur die storm*” in my lewe, juis om aan my “*sy liefde te toon*” (Job 37:13). Daar is sekere lesse wat ek en jy net in die erge storms van die lewe kan leer. Met “*storm*” bedoel die Bybel dat dit ’n geweldige verlies kan wees, of ’n seer wat gekom het om te bly, of dalk altwee.

“*JESUS SE DISSIPELS*” het op sy bevel die see met ’n skuit oorgesteek. Jesus stuur hulle die storm in. Ervare vissermanne beur met moeite vorentoe, terwyl hulle boot eers op... dan af... oor die golwe gaan... DAN sien hulle in die laaste lig iemand oor die see na hulle toe aangestap kom. Johannes skryf dat hulle “*bang geword*” het. Dis dan wat Jesus hulle met die woorde gerusstel: **“DIT IS EK; MOENIE BANG WEES NIE.”**

Hierdie woorde herinner ons sterk aan Ou Testamentiese verskynings van God aan ’n Gideon (Rigters 6:22); Jesaja (Jesaja 6:5), maar veral ook aan God se verskyning aan Moses by die brandende doringbos. Daar het God Homself bekend gemaak as: “*Ek is wat Ek is.*” (Eks. 3:14). In die storm maak Jesus Homself met presies dieselfde woorde aan sy dissipels bekend. Jesus wat sy kinders in die storm ontmoet, vereenselwig Homself met presies dieselfde God wat sy kinders uit Egipte verlos het en hulle op droë voete deur die Rietsee gelei het (volgens Ps. 77:17+20; Ps. 107:23-31).

Jesus, wat vir my en jou die storm instuur en ons dan in die storm ontmoet, is die Gestuurde van God. Sy spore lê die hele Ou Testament vol en Hy is een met die God wat Homself aan ons bekend maak as “*Ek is*”.

Hoekom doen God dit? “*God stuur die storm ...om sy liefde te toon.*”

Op ons eie verdien ons om tot in ewigheid, vanweë ons opstandigheid teen God in die ergste van storms, seer, pyn en lyding te lewe. Nêrens leer ek God so ken, nêrens kom geloof so inwerking en sien en beleef ek sy genade soos juis in die storms van die lewe nie.

Dan leer ek Jesus ken as die Gestuurde Verlosser wat van God afkom. Hy is nie soseer besorg oor my gemak en lekker lewe in hierdie lewe nie, maar Hy is eerder diep besorg dat ek veilig by my ewige bestemming sal aankom. In die storm ontmoet Christus my om my te verlos. Dalk is daar nog, soos in die geval van Job, net ’n skynsel van sonde wat ek self nie

raaksien nie, dalk is dit net om my geloof in Christus te louter, nog beter en sterker en mooier te maak.

Hoe kan jy en ek vandag verseker weet dat Christus vir jou en my in die storm opsoek, om ons werklik vry te maak van iets of om ons net nog deur sy Gees mooier in die geloof te maak? Kyk na die kruis, toe Jesus in ons plek die storms van alle storms aan die kruis beleef het. Nou maak God Homself aan ons bekend op 'n nuwe manier. Ons kan Hom ken in Christus die gekruisigde, die Here wat opgestaan het.

Die storms in ons lewens mag ons onverwags vang, maar dit vang nie vir Christus onverwags nie. Hy stuur ons die storms in, juis sodat ons net op Hom kan vertrou. Hy is en sal altyd ten volle in beheer wees, want juis hiervoor het Hy gesterf en opgestaan.

VIR VERDERE OORDENKING IN ONTDEKSGROEPE

1. Oordink die gebeure van Job 1 + 2 in die lig van Elihu se woorde in Job 37:13.
2. Sal God 'n storm stuur om ons te straf? (Laat Rom. 8:1; 1 Joh. 4:18 jou help)
3. Wat was God se doel met die storm wat Hy oor Job gebring het. (Lees Job 42:5)
4. Hoe kan God se liefde in 'n storm ervaar word? (Lees Jesaja 53: 4 + 5)
5. Kan God die storms van my lewe tot my voordeel bestuur? (Dink terug aan Josef se lewe en dan veral aan sy woorde in Gen. 50:19-21)

My karakter – en my verstaan van Bybelse genade – word sigbaar in die manier hoe ek diegene behandel wat niks vir my kan doen nie. (Timothy George)

Gelowiges word in Christus en deur die Heilige Gees afgesonder tot 'n heilige priesterdom, nie binne die vier mure van die kerk nie, maar binne die daaglikse doen en late van die markplein. (Leslie Newbigin)